Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045
E-pos: admin@lnpark.co.za /

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 13
19 April 2024

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

PA-EN-SEUNKAMP : 26 – 27 APRIL 2024
Ons is baie opgewonde oor ons Pa-en-Seunkamp wat hier by ons Geraldstraat-sportgronde vanaf 17:30 op 26 April tot 10:00 op 27 April gaan plaasvind. Meer inligting is op klasgroepe gedeel en ook op die D6-kommunikeerder vir u aandag gelaai.

NELSON MANDELA METRO NETBALPROEWE : RONDTE 3
Hartlik geluk aan die onderstaande leerlinge wat deurgedring het na die 3de rondte van die Nelson Mandela Metro netbalproewe wat op Dinsdag, 16 April by Laerskool Mount Pleasant plaasgevind het:

0/12	0/13
Lisa Scheepers	Kaelynn Basson

Ons is baie trots op julle en weet julle het pragtig gespeel!

MNR. EN MEJ. LAERSKOOL NEWTONPARK: 12 – 13 JUNIE
Inskrywings vir Mnr. en Mej. Laerskool Newtonpark is nou oop. Alle leerlinge kan so spoedig moontlik inskryf. Leerlinge neem deel in een van vier kategorieë volgens grade. nl. Gr. R, Gr. 1 - 3, Gr. 4 – 6 en Gr. 7. Inskrywingsfooi beloop R50 per leerling. Verdere inligting sal aan deelnemende leerlinge deurgegee word.

DAGBOEK DIE DATUM – KULTUURAAND: 15 MEI
Ons wil u aandag solank op ons Kultuuraand wat Woensdag, 15 Mei by die skool plaasvind, vestig. Meer inligting sal weldra aan u deurgegee word.

KOSPAKKIES
Ons wil u vriendelik vra om vir u kind 'n goed gebalanseerde kospakkie skooltoe in te pak. Om werklik hul beste te gee moet die leerlinge goed eet. Ons versoek u ook vriendelik om die kospakkies saam met die leerlinge te stuur en dit nie voor pouse by die sekretaresses af te lewer nie. Dit skep net probleme.

KOMMUNIKASIE MET ONDERWYSERS
Dit is vir ons uiters belangrik dat daar oop en duidelike kommunikasiekanale tussen ouers en onderwysers bestaan. Ongelukkig het die onderwysers nie altyd die tyd om lang briewe te skryf nie en is dit ook soms moeilik om dadelik terug te skakel as gevolg van ‘n vol program. Die maklikste is om ‘n briefie saam met u kind te stuur waar u die aangeleentheid onder die onderwyser se aandag bring. Indien nodig, sal die onderwyser dan op een of ander wyse met u kontak maak.

Indien dit vir u baie belangrik is dat ‘n onderwyser u kontak, reël dit asseblief deur die kantoor. U kan inbel en dit versoek of ‘n e-pos stuur waarin u dit versoek. Indien u dan nie binne 2 dae reaksie ontvang het nie, kontak my asseblief direk. Onderwysers mag, soos dit hul pas, ander informele wyses van kontak met u bespreek het. U is welkom om daarmee voort te gaan. Wees asseblief billik in u eise. Onthou die onderwyser het ‘n vol program en ook ‘n privaatlewe, moet hulle dus nie by hulle huise probeer kontak na 18:00 nie. Hulle SAL u betyds kontak indien u kind ‘n groot probleem het. Let wel, die kommunikasiekaart is ‘n belangrike eerste lyn van kommunikasie vanaf die opvoeder aan u.

TOELATING 2025: GRADE R – 7 (BESTAANDE OUERS)
Die personeelvoorsiening van die Laerskool Newtonpark is afhanklik van ons jaarlikse inskrywings. Die skool moet ook jaarliks hierdie statistiek aan die Departement van Onderwys bekend maak.

Ons versoek ons bestaande ouers om ons so spoedig moontlik in kennis te stel indien u ‘n kind vir graad R en 1 in 2025 wil inskryf. Ons wil graag ons huidige ouers voorkeur gee om u ander kind ook by ons in te skryf.

Ons sal dit waardeer indien u ons skool by u familie, vriende en ander bekendes aanbeveel.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD
Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto’s te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

SKOOLGELDE 2024
Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: **maandelikse debietorder** oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2024. ‘n Debietorder kan slegs op ‘n tjek-/spaar-/transmissierekening ingestel word.) U mag ook die **skoolgelde EFT**. Ons beskik ook oor **‘n kaartmasjien** by die skool wat u kan gebruik.

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

Die betaling van skoolgelde is ‘n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE
Indien skoolgelde (Graad R – 7) ten volle betaal word voor/op 31 Mei 2024 sal ‘n 5% korting toegestaan word.

ELEKTRONIESE BETALINGS
Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf. U moet ook die bewys van betaling per e-pos aan fin@lnpark.co.za stuur.

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Geniet die naweek saam met jul kinders.

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende datums moet u asseblief op u kalender aanteken:

Ma – 22 April	:	***Juf. Annemaré Campher verjaar** Klerewinkel: **07:30 tot 12:00** Netbal: 0/8A en B teen Sunridge **(w)** Netbal: 0/12A en B teen Sunridge **(w)** Netbal: 0/13A en B teen Sunridge **(w)**
Di – 23 April	:	Senior Koor: **07:25 tot 08:00** Kuns: graad 2 en 3 **14:00 tot 15:15** Kuns: graad 4 **14:15 tot 15:30** Netbal: 0/8 teen Mount Pleasant **(w)** Tennis: Senior A teen Lorraine B **(t)**

Tennis: Senior B teen Collegiate C **(w)**
Tennis: Senior C teen Mount Pleasant **(w) voorlopig**
Tennis: Senior D teen Lorraine C **(t)**

Wo – 24 April : Junior Koor: **07:30 tot 08:00**
Klerewinkel: **12:00 tot 14:30**
Rugby: 0/9A teen Mount Pleasant **(w)**
Rugby: 0/11A teen Mount Pleasant **(w)**
Rugby: 0/11B teen Sunridge D **(t)**
Rugby: 0/13A teen Mount Pleasant **(w)**
Rugby: 0/13B teen Tjaart van der Walt **(w)**

Do – 25 April : Senior Koor: **07:25 tot 08:00**
Kuns: Graad 5 – 7 **14:15 tot 15:30**
Netbal: 0/9A en B teen Sunridge **(w)**
Netbal: 0/10A en B teen Sunridge **(w)**
Netbal: 0/11A en B teen Sunridge **(w)**

Vr – 26 April : Klerewinkel: **07:30 tot 12:00**
Pa- en seunkamp vanaf 17:30 by Geraldstraat

Sa – 27 April : **VRYHEIDSDAG**
Pa- en seunkamp tot 10:00

SPORT EN KULTUUR

CHARLO 7'S – RUGBY

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
6 April	0/13A	Rowallanpark	LNP verloor 0 - 10
6 April	0/13A	Sonop	LNP verloor 0 - 7
6 April	0/13A	Verkenner	LNP speel gelykop 0 - 0
6 April	0/13A	Mount Pleasant	LNP verloor 7 - 12
6 April	0/11A	Sonop	LNP verloor 0 – 19
6 April	0/11A	Dr. Viljoen	LNP wen 7 – 5
6 April	0/11A	Sunridge	LNP verloor 7 – 17
6 April	0/11A	Lorraine	LNP verloor 7 – 10

CHARLO 7'S – NETBAL

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
6 April	0/13A	Pellsrus	LNP speel gelykop 3 – 3
6 April	0/13A	Herbert Hurd	LNP wen 4 – 2
6 April	0/13A	Lorraine	LNP verloor 2 – 7
6 April	0/13A	Charlo	LNP verloor 2 – 8
6 April	0/11A	Rowallanpark	LNP wen 4 – 0
6 April	0/11A	Charlo	LNP verloor 2 – 3
6 April	0/11A	College Hill	LNP wen 7 – 1
6 April	0/11A	Summerwood	LNP wen 4 – 3
6 April	0/11A	Stulting	LNP verloor 5 – 7

RUGBY

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
17 April	0/9A	Grey	LNP verloor 0 – 53
17 April	0/11A	Grey	LNP verloor 0 – 5
17 April	0/11B	Grey	LNP verloor 0 – 45
17 April	0/13B	Grey	LNP verloor 0 – 47

NETBAL

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
18 April	0/9A	Blouwaterbaai	LNP wen 11 – 1
18 April	0/10A	Blouwaterbaai	LNP wen 4 – 0
18 April	0/11A	Blouwaterbaai	LNP verloor 4 – 6

KARATE

Jayden Gouws sowel as Lacey van Rensburg in graad 5S het Donderdag 11 April gradeer na groen gordel. Annique du Toit in graad 5S het gradeer na oranje gordel tydens dieselfde graderingseremonie. Baie geluk, julle!